# HOOFSTUK II.

## DIE INSTELLING VAN KOSHUISBOERDERYE IN TRANSVAAL.

### A. DIE PROBLEEM VAN PLATTELANDSE ONDERWYS.

Soos ook in ander lande, is die Plattelandse Opvoeding in Transvaal 'n probleem op sigself[1] wat veral gedurende die depressiejare omstreeks 1930 luid om 'n oplossing geroep het want „deur gebrek aan aanpassing aan die moderne ekonomiese toestande, deur gebrekkige onderwys, deur 'n geïsoleerde lewe, deur malaria, bilharsia, onvoldoende voeding en ander oorsake het 'n belangrike deel van die Boerebevolking stadigaan weggesink tot 'n Armblankedom en hulle kinders het sonder hoop vir die toekoms die lewe ingegaan."[2]

### B. SENTRALISASIE AS OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM.

#### I. VAN 1900 TOT 1910.

Die sentralisasie-beleid is reeds sedert die begin van hierdie eeu gepropageer en in 1903 is daar selfs op 'n Inspekteurskonferensie by wyse van 'n besluit versoek dat plattelandse skole met koshuise gestig moet word dog in 1910, toe die onderwys onder beheer van die Provinsiale Administrasies geplaas is, is hierdie strewe nog nie verwesenlik nie ten spyte daarvan dat die wagwoord steeds was: Sentraliseer![3]

#### II. VAN 1910 TOT 1932.

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika het die probleem van Plattelandse Onderwys spoedig weer aandag geniet toe die Direkteur van Onderwys, sir John Adamson, in 1912 die mening uitgespreek het dat die belange van hierdie onderwys die beste gedien kon word deur 'n nuwe tipe opleidingsinrigting, wat hy 'n „School Farm" genoem het, saamgestel uit 'n plaas, werks-

winkels/...

---

1. Botha, C. J.: Die Sentralisasie van Plattelandse Onderwys in Transvaal, 1900 - 1937, (i).
2. Bot, A. K.: Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 1836 - 1951, 105.
3. Botha, C. J.: Op. cit., 10.

winkels, klaskamers en koshuise waar die plattelandse kind vakopleiding kon geniet (soos ook reeds deur dr. Mansvelt in 1895 voorgestel[1]). Die gedagte van gevorderde onderwys op die platteland d.m.v. skoolboerderye is ook gepropageer deur die Onderwyskommissie van 1917, dog in 1924 kla die Direkteur van Onderwys dat, alhoewel daar reeds geruime tyd aangedring word op die stigting van skoolplase, nog niks in hierdie verband gedoen is nie weens die onkoste daaraan verbonde.[2]

Die probleem van ondoeltreffende volksonderwys het die Transvaalse Uitvoerende Komitee in 1928 daartoe gebring om 'n Onderwyskommissie te benoem om verslag oor die aangeleentheid te lewer en terselfdertyd aandag aan die kurrikulum te skenk. Na aanleiding van die kommissie se verslag is die skoolplig verhoog van 16 jaar of st. VI na 16 jaar of st. VIII met ingang van 1 Januarie 1933 en is Junior Hoërskole ingestel.[3]

III. SENTRALISASIE WORD AS BELEID AANVAAR IN 1936.

Vanaf hierdie stadium het sake vinnig beweeg want die verhoogde skoolplig het die probleem van die plattelandse kind weer sterk onder die aandag gebring.

Inspekteurs van Onderwys en die Carnegie-verslag oor die Armblankevraagstuk het die aandag gevestig op die treurige onderwystoestande op die platteland terwyl die Landbougenootskap en sekere kultuurverenigings druk uitgeoefen het. Daarby is op 5 Augustus 1933 'n konferensie op Rustenburg oor die aangeleentheid gehou wat bygewoon is deur o.a. die Sekretaris van Onderwys (dr. S. F. N. Gie). Die konferensie was van mening dat die onderwysstelsel omvorm moet word om beter aan te pas by die behoeftes van die platteland en dat sekondêre plaasskole wat uiteindelik hulself sover moontlik sal onderhou, opgerig moet word. 'n Komitee is benoem om 'n skema dienooreenkomstig uit te werk.

Intussen/...

1. Bot, A. K.: loc. cit.
2. Ferreira, R. S.: Die Transvaalse Skoolplaasstelsel (Die Huisgenoot, deel XXVI, nr. 1009, 25.7.1941).
3. Ibid.

Intussen is verdere aandag aan die saak geskenk deur 'n konferensie oor Landelike Onderwys in Kaapstad in Februarie 1934 en deur die Wêreld-onderwyskonferensie in Johannesburg in Julie 1934 waar sterk gepleit is vir 'n afdeling vir landelike onderwys in Transvaal.

Ook van owerheidsweë het die probleem aandag geniet en sowel die Direkteur van Onderwys (prof. S. P. E. Boshoff) as die Administrateur (mnr. S. P. Bekker) het hulself op hoogte van sake gestel deur rondreise te onderneem en ondersoek ter plaatse in te stel, nadat lg. reeds kort na sy ampsaanvaarding in Maart 1934 sy steun aan die skoolplaasplan wat die Rustenburgse komitee intussen opgestel het, toegesê het.[1]

Hierdie ondersoek het „wantoestande wat soms onbeskryflik was"[2] aan die lig gebring met die gevolg dat die owerhede oortuig geraak het dat sake nie langer so kan voortduur nie maar dat iets positiefs gedoen moet word. Daar is derhalwe besluit om die kleiner plaasskooltjies uit te skakel en 'n landboukundige inslag aan die plattelandse onderwys te gee.[3]

So bepleit die Administrateur dan op 1 April 1936 die Sentralisasiebeleid met sukses voor die Provinsiale Raad, op 5 Mei 1936 word hierdie beleid unaniem goedgekeur op 'n Skoolraadskongres,[4] 'n sentralisasiebeampte word benoem om skoolrade behulpsaam te wees met die voorbereiding en beplanning in hul gebiede[5] en die beleid word eindelik in die praktyk gebring deur waar moontlik die leerlinge van een- en tweemanskooltjies in groter sentrale skole saam te trek en deur die instelling van skoolplase[6] hoofsaaklik op die Moffat-instituut te Seodin gemodelleer.[7]

Dat/...

1. Ferreira, R. S.: loc. cit.
2. T. O. D.: Algemene Omsendbrief nr. 10 van 1937.
3. Verslag van die Provinsiale Ouditeur oor die boekjaar 1951/52, bl. 48, § 73 (a).
4. T. O. D.: op. cit.
5. Botha, C. J.: op. cit., 79.
6. Bot, A. K.: op. cit., 110.
7. Verslag van die Provinsiale Ouditeur: op. cit., 48, § 73 (b

Dat hierdie beleid kragdadiglik aangepak en met mening deurgevoer is, blyk o.m. uit die uitgawes van die Transvaalse Provinsiale Administrasie t.o.v. kapitale dienste en meubels en uitrusting gedurende die boekjare 1935/36 tot 1939/40,[1] soos in meegaande tabel opgesom:

TABEL I.

**UITGAWES VAN DIE TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE T.O.V. KAPITALE DIENSTE EN MEUBELS EN UITRUSTING GEDURENDE DIE BOEKJARE 1935/36 TOT 1939/40.**

| Boekjaar. | Kapitale Dienste. | Meubels en Uitrusting. |
|---|---|---|
| 1935/36 | £3,445 | £5,988 |
| 1936/37 | £89,181 | £19,379 |
| 1937/38 | £125,875 | £37,604 |
| 1938/39 | £49,765 | £36,139 |
| 1939/40 | £55,161 | £29,818 |

C. DIE KOSHUISBOERDERYE AS PRODUK VAN DIE SENTRALISASIEBELEID.

I. BY SENTRALE SKOLE.

Die sentrale skole het dan ontstaan om aan die leerlinge in die ylbewoonde streke dieselfde voorregte en vooruitsigte te verskaf as wat hul broers en susters in die digterbewoonde gebiede geniet het, sonder om hulle uit hul landelike omgewing weg te neem. Die sametrekking van die leerlinge het geskied deels deur die instelling van vervoerskemas en deels deur die oprigting van koshuise vir kinders wat te ver van die skole woon. Gedagtig aan die wantoestande wat geheers het, is hierdie koshuise deur die Provinsiale Administrasie opgerig, gemeubileer en voorsien van fasiliteite vir die voorsiening van vars melk, groente en eiers.[2]

So is daar dan uit die sentralisasiebeleid gebore die stelsel van provinsiale koshuise met geïntegreerde boerderye.

II/...

1. Verslae van die Provinsiale Ouditeur oor die gemelde tydperke.
2. Bot, A. K.: loc. cit.

II. BY SKOOLPLASE.

Die skoolplase is ingestel om vir die platteland te wees wat die junior hoërskole vir die dorpe was, nl. skole met wyer leerplanne en meer geleentheid vir veelsydige ontwikkeling, hoofsaaklik vir leerlinge wat nie die matrikulasie-eksamen wou aflê nie.

Aan elke skoolplaas was 'n boerdery verbonde, bestaande uit 'n melkery, 'n hoenderboerdery, 'n varkboerdery, 'n groentetuin en 'n vrugteboord sowel as 'n werkswinkel waar praktiese werk beoefen en gereedskap herstel kon word. Aan hierdie skole sou onderwys in die landelike agtergrond van die plaaslewe die leerlinge voorberei vir alle lewensterreine.[1]

Die boerderye het in hierdie geval egter, wat die finansies betref, heeltemal onafhanklik van die koshuis en die skool gestaan. Die koshuis moes al sy benodigdhede van die plaas koop en daarvoor betaal teen pryse op markwaardes gebaseer.[2]

Hierdie reëling het gegeld totdat die nuwe onderwysbeleid in 1951 neergelê is waarvolgens alle middelbare skole voorsiening vir toereikende differensiasie, d.i. vir indiwiduele verskille tussen leerlinge moes maak sodat alle middelbare skole wat uitsluitlik middelbare onderwys verskaf, gelyke status moes hê.[3]

Dit het die einde van die junior hoërskool in die algemeen en van die skoolplaas in die besonder beteken en die skoolplase is dan ook kragtens Administrateursproklamasie 114 van 1951 met ingang van 1 Januarie 1951 tot groep II-skole verklaar en hul boerderybedrywighede maak van toe af 'n integrerende deel van die koshuise wat aan hulle verbonde is, uit.[4]

Langs/...

---

1. Ferreira, R. S.: op cit. Die Huisgenoot. Deel XXVI, nr. 1010. 1 Augustus 1941.
2. Ibid. Die Huisgenoot. Deel XXVI, nr. 1011, 8 Augustus 1941.
3. T. O. D.: Departementele Omsendbrief nr. 3 van 1951.
4. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1951/52, bl. 59 § 78 (b) en (c).

Langs hierdie weg is plaasgereedskap en rollende materiaal ter waarde van £24,092 en lewende hawe ter waarde van £8,806 aan die betrokke koshuise oorgedra[1] terwyl die Uitvoerende Komitee op aanbeveling van die Direkteur van Onderwys ook magtiging verleen het om die bedrae in die plaasbankrekenings, nadat alle eise en rekenings betaal is, in die onderhoudsreken van die koshuise te stort en dat hierdie bedrae gebruik word en uitgawes in verband met boerdery daaruit te bestry.[2]

Die koshuise was dus die erfgename van die skoolplaasboerderyboedels en sedertdien bestaan daar slegs provinsiale koshuisboerderye en nie meer selfstandige boerderye nie.

D. GROEI EN UITBREIDING VAN DIE KOSHUISBOERDERYE.

Die boerderye het heel beskeie begin, dog al gaande was daar geleidelike groei en uitbreiding met 'n groot sprong voren toe na die integrasie van die skoolplaasboerderye, blykens die uitgawe, inkomste en waarde van die lewende hawe van die boerderye soos weerspieël in die jaarverslae van die Provinsiale Ouditeur sedert hul verskyning daar in die verslag vir die boekjaar 1938/39 tot die jongste verslag nl. 1954/55. Hierdie bedrae is saamgevat in Tabel II.[3]

TABEL II/...

1. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1954/55, bl. 418.
2. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1952/53, bl. 455 § 625.
3. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjare 1938/39 tot 1954/55.

TABEL II.

UITGAWE, INKOMSTE EN WAARDE VAN LEWENDE HAWE VAN KOSHUISBOERDERYE VIR DIE JARE 1938 - 1953.

| Jaar | Uitgawe. | Inkomste | Lewende Hawe |
|---|---|---|---|
| 1938[1] | £ 412 | £ 541 | £ 353 |
| 1939 | 1,092 | 1,582 | 1,323 |
| 1940 | 2,118 | 2,954 | 2,388 |
| 1941 | 2,937 | 3,857 | 3,393 |
| 1942 | 5,585 | 6,212 | 4,858 |
| 1943 | 5,511 | 7,707 | 5,651 |
| 1944 | 7,521 | 9,382 | 6,844 |
| 1945 | 9,775 | 11,392 | 7,967 |
| 1946 | 10,019 | 12,725 | 8,386 |
| 1947 | 12,509 | 12,197 | 7,440 |
| 1948 | 12,220 | 16,986 | 8,487 |
| 1949 | 10,308 | 15,147 | 8,251 |
| 1950 | 11,426 | 14,758 | 8,298 |
| 1951 | 10,516 | 17,022 | 8,910 |
| 1952 | 19,153 | 23,663 | 12,542 |
| 1953 | 48,957 | 53,480 | 18,258 |
| Totaal | £170,059 | £209,605 | |

E. FUNKSIES VAN DIE KOSHUISBOERDERY.

I. OPVOEDKUNDIG.

1. Besonder. Behalwe dat landboukunde by die leerplanne van skoolplase ingesluit is, is die landbouvakskole te Brits en Lagersdrift ook op 1 April 1938 deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie van die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem kragtens wet nr. 30 van 1937 waarvolgens landbou-onderwys aan die provinsies oorgedra is.[2] Waar lanbou-onderwys sedertdien die verantwoordelikheid van die provinsies was, het verskeie hoërskole landbou as keusevak aangebied.

Na aanvaarding van die gedifferensieerde onderwysbeleid, het die Uitvoerende Komitee 'n komitee benoem onder voorsitterskap van mnr. A. A. van Wyk om ondersoek in te stel na en verslag/...

1. Vir 1938 en 1939 is die bedrae t.o.v. skoolplase deur die Provinsiale Ouditeur by die opgawes ingesluit.
2. T. O. D.: Algemene Omsendbrief nr. 3 van 1938.

slag uit te bring oor die verskaffing van landbou-onderwys.

Die bevinding van hierdie komitee was dat landbou-onderwys nie tot sy reg gekom het nie maar dat die vak in die hoërskole langsamerhand in 'n „talk and chalk"-vak ontwikkel het[1] waar „plante op swartborde staan en vee in boeke wei."[2] Die komitee het aanbeveel dat daar „plattelandse hoërskole met 'n bepaalde landbou- of landelike inslag"[3] moet ontwikkel word „vaar landbou 'n verpligte deel uitmaak van die kursus vir elke seun"[4] en „dat die landelike hoërskool verbonde moet wees aan 'n goed-gebalanseerde boerdery."[5] Verder het die komitee aanbeveel dat landbou as skoolvak op die gewone hoërskool afgeskaf word.[6]

Hierdie aanbeveling is deur die Uitvoerende Komitee aanvaar en by Administrateursproklamasie 694 van 1954, is verorden dat die superintendent van 'n provinsiale koshuis wat verbonde is aan 'n skool waar landbou as vak gedoseer word met goedkeuring van die Direkteur van Onderwys boerdery kan onderneem met die doel om praktiese boerdery vir die opvoedkundige vereistes van die skool te verskaf.

2. Algemeen. Behalwe hierdie spesifieke doelstelling van die koshuisboerdery m.b.t. landbou-onderwys, is daar nog die belangrike funksie van die boerdery om die onderwys van die plattelandse kind, ook dié van die laerskool, van die bekende na die onbekende te laat voortgaan, van die omgewing uit te gaan en hom nie van die plaaslewe te laat vervreem nie maar hom op te voed met die middele wat voorhande is, nl. die natuur en die bewerking van die grond.[7]

Ook/...

---

1. Verslag van die Komitee insake Landbou-onderwys (Voorsitter A. A. van Wyk), bl. 8.
2. Idem, 13.
3. Idem, 26.
4. Idem.
5. Idem, 37.
6. Idem, 64.
7. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (Voorsitter dr. W. Nicol), (TP nr. 5 - 1939), bl. 89, 90.

Ook die Komitee insake Landbou-onderwys hierbo vermeld, beklemtoon hierdie aspek van die plattelandse onderwys en wys op die gebrek aan belangstelling aangaande die kind se tuis-omgewing en die feit dat die plattelandse leerlinge vervreemd van die landelike omgewing raak deur die dorps- en stadsgeöriënteerde onderwys wat hulle geniet. As teenvoeter hiervoor onderstreep die komitee die noodsaaklikheid daarvan dat „die kind se ouers en plaas met sy diere- en plantelewe saam met hom skool toe (moet) kom" en dat „hulle daar lewendig gehou (moet) word deur van hulle te leer en hulle te waardeer."[1] Tot die behoud van hierdie plaasatmosfeer wat so belangrik is vir die onderwys van die plattelandse kind, leen die koshuisboerdery van die sentrale laerskool en die landelike hoërskool hom by uitstek.

II. VOORSIENING VAN VOEDSEL AAN KOSHUISE.

In die motivering van die sentralisasiebeleid, meld die Transvaalse Onderwysdepartement: „Sonder om oor die soort 'losies' uit te wei waarvoor die Administrasie dikwels by wyse van beurse betaal, kan hier net gesê word dat die huisvesting en voeding van die loserende kinders nie in alle opsigte bevredigend is nie. Veral leerlinge wat privaat loseer ly 'n drievoudige gebrek: Hulle ontbeer daeliks hulle ouers se liefde en invloed, die ruimer fasiliteite wat 'n groot skool kan aanbied en behoorlike huisvesting en voeding."[2]

Vermoedelik om die voeding van die kosgangers op 'n gesonde voet te stel, is superintendente van koshuise by implikasie gemagtig om lewende hawe aan te hou, volgens koshuisregulasie 24 (c) soos afgekondig by Administrateursproklamasie 554 van 1936 en al gaande het boerderye by sekere koshuise ontstaan met die oog op melk-, vleis- en groentevoorsiening.

In/...

1. Verslag van die Komitee insake Landbou-onderwys, bl. 23, 24.
2. T. O. D.: Algemene Omsendbrief nr. 3 van 1938.

In 1949 het die Uitvoerende Komitee ŉ komitee onder voorsitterskap van mnr. J. de Klerk (destyds lid van die Uitvoerende Komitee) benoem om landboubedrywighede en voedingstoestande by sentrale skole te ondersoek en hierdie komitee het tot die gevolgtrekking gekom dat meeste koshuise die een of ander vorm van boerdery onderneem dog nie daarin slaag om in die behoeftes van die inrigting te voorsien nie behalwe in ŉ paar uitsonderlike gevalle.[1]

Nadat die komitee vasgestel het dat in die behoeftes van die meerderheid van die koshuise t.o.v. melk en groente nie deur aankoop van buite voorsien sal kan word nie, word aanbeveel „dat die beleid van die sentrale skole moet wees om slegs essensiële bederfbare produkte soos melk, groente en vrugte te produseer as dit nie in ŉ vars en gesonde toestand van elders bekom kan word nie."[2]

Ook aan hierdie aanbeveling is gevolg gegee deur Administrateursproklamasie 694 van 1954 waarvolgens die superintendent van enige provinsiale koshuis, met goedkeuring van die Direkteur, boerdery op ŉ beperkte skaal kan onderneem met die doel om voedsel vir die inwoners van die koshuis en voer vir die diere te produseer met dien verstande dat produksie gestaak mag word van produkte wat voordeliger deur die koshuis plaaslik of deur goewermentskontrakte aangekoop kan word.

F. SAMEVATTING.

Die probleem van die opvoeding van die plattelandse kind het al van vroeg af die aandag geniet en reeds sedert die begin van hierdie eeu het daar telkens voorstelle gekom dat die onderwysgeriewe verbeter moes word deur die oprigting van sentral skole wat meer en beter fasiliteite kon bied, dog die onkoste

aan/...

1. Verslag van die Komitee insake Landboukundige Bedrywighede en Voedingstoestande by Sentrale Skole, bl. 6.
2. Idem, 10.

aan so 'n skema verbonde het in die weg van verwesenliking daarvan gestaan.

Depressietoestande en die verhoging van die skoolplig vanaf begin 1933 het die behoeftes van die platteland weer sterk op die voorgrond gebring sodat dit die aandag van konferensies, landbougenootskappe, kultuurverenigings en uiteindelik ook die owerhede geniet het. Ondersoek wat deur die Direkteur van Onderwys en die Administrateur ingestel is, het toestande aan die lig gebring wat hulle genoop het om tot aksie oor te gaan en in 1936 het sentralisasie die Transvaalse onderwysbeleid vir die platteland geword.

Die beleid is in die praktyk gebring deur die leerlinge van die klein een- en tweemanskooltjies waar moontlik by sentraalgeleë skole saam te trek deur middel van vervoerskemas, of, waar die leerlinge te ver van die skool gewoon het, deur middel van provinsiale koshuise met fasiliteite vir groente-, melk- en eiervoorsiening waaruit geïntegreerde koshuisboerderye ontstaan het.

Terselfdertyd is plattelandse junior hoërskole of skoolplase gestig met koshuise en onafhanklike boerderye hoofsaaklik vir leerlinge wat nie die matrikulasie-eksamen wou aflê nie. Met die invoering van gedifferensieerde onderwys in 1951 is hierdie skole tot groep II-skole verklaar en is die eertydse selfstandige boerderye by die koshuise ingeskakel en sedertdien bestaan daar slegs geïntegreerde provinsiale boerderye.

Vanaf 'n beskeie begin het die koshuisboerderye geleidelik in omvang toegeneem terwyl die inlywing van die skoolplaasboerderye 'n groot stoot vorentoe daaraan gegee het sodat die uitgawe en inkomste in 1953 reeds in die buurt van £45,000 en £53,000 onderskeidelik te staan gekom het met lewende hawe ter waarde van sowat £18,250.

Tans word daar van owerheidsweë twee funksies aan die koshuisboerderye toegesê, nl. verskaffing van praktiese onderwys waar landbou as vak aan die skool toegelaat word en voorsiening

van voedsel aan die inwoners en voer aan die diere van die koshuis waar dit nie voordeliger aangekoop kan word nie. Die boerdery verrig verder ook nog 'n nuttige taak waar dit aan die laerskoolkind van die sentrale skool die landelike atmosfeer van sy tuisomgewing bied.

---------oOo---------